Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria

Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Mei 1999 May

Hoe Nou ?

Houtwerkers, en veral die stokperdjie-manne, het almal 'n paar dinge in gemeen – eerstens hou ons almal van hout en geniet dit om daarmee te werk; tweedens het ons waardering vir goeie vakmanskap en derdens het ons 'n manie oor houtwerkgereedskap.Daar is seker nog baie wat ons kan noem, maar ek wil volstaan by bogenoemdes.

Dit is dan ook oor laasgenoemde eienskap waaroor ek 'n bietjie wil reflekteer.

Ek glo daar was 'n tyd, in ons verhouding met hout, dat ons gereedskap–arsenaal maar skraps was, 'n paar basiese implemente. So met die tyd saam het die arsenaal gestoel en vandag lyk baie van ons se werkswinkels amper soos mini-hardeware winkels. Waar kom hierdie manie vandaan en is dit rêrig nodig?

Ek dink dit is deel van die normale groeiproses van houtwerkers – ons moet eers leer kruip voordat ons kan loop en daarna hardloop. Soos wat kennis en vaardighede ontwikkel soek ons ook gedurig na metodes en tegnieke om dit beter en vinniger te doen. Baie maal is die ooglopende oplossing die aankoop van 'n nuwe stukkie gereedskap, of so maak ons onsself wys. Glo my, daar is min mense wat 'n koop so kan motiveer as 'n houtwerker - ons het dit tot 'n fyn kuns ontwikkel – vra maar vir die annerhelfte van jou lewe.

Ek het nie fout daarmee nie. Ek wonder net soms of dit nodig is.

Die ander dag had ons kuiermense en die bewonder toe iets wat ek twintig jaar gelede gemaak het. "Ja", sê my vrou toe, "en toe kon hy al sy gereedskap maklik in 'n trommel pak." (Hierdie raakskoot uit die bloute was nou eintlik die rede waarom ek oor die onderwerp skryf).

Vergelyk maar gerus die items van die maer jare met die van die vet jare – die produkte uit die era van min vergelyk goed met die uit die era van baie.Vandag sou ek waarskynlik dieselfde item in helfte van die oorspronklike tyd kon maak. Hoekom? Seer sekerlik speel die gebruik van masjiene en kraggereedskap 'n rol, maar intussen het ons kennis en vaardighede ook baie verbeter – ek het nie meer 'n vrees om swaelsterte met die hand te sny nie en dit neem my ook nie meer 'n leeftyd nie.

Sien, daar was 'n tyd in die groeiproses dat ons die skuld vir die kwaliteit van ons werk op ons gereedskap gepak het. 'n Ander skaaf sou kwansuis die taak beter kon verrig. Moontlik was die eintlike probleem dat ons nie geweet het hoe om 'n skaaflem behoorlik skerp te maak nie.

Hoe dit ook al sy, as ons dan nou van 'n oortreding aangekla moet word dan sal dit waarskynlik die feit wees dat daar heelwat wapens in ons arsenaal is wat ons nooit of baie min gebruik. As ons eerlik is dan moet ons hierop skuldig pleit. Ter versagting sou ons kon aanvoer dat ons daagliks blootgestel word aan nuwe en beter en kragtiger gereedskap om die taak vinniger en beter uit te voer. Vir die man wat sy brood en botter met houtwerk verdien en vir wie tyd kosbaar is, in terme van geld, sou dit 'n aanvaarbare verweer wees. Vir die van ons wat houtwerk as 'n stokperdjie beoefen sou dit eerder verswarend wees – ons is mos nie in 'n gejaag met tyd betrokke nie.

My gevolgtrekking? Houtwerkers benodig 'n basiese stel hand-, krag- en masjiengereedskap waarvan die omvang van jou spesefieke belangstelling en omstandighede sal afhang. Koop slegs addisionele gereedskap as dit 'n moet is en jy dit op 'n gereelde basis gaan gebruik.

Ten slotte: Moet julle nie aan my steur nie - koop. koop, koop na hartelus. Dis lêkker.

Aussie Timbers

The April issue of *Traditional Woodworking* includes an article on the timbers of Australia unknown to most of us. I found the various names interesting: *beefwood, gidgee, supplejack, Leopard wood and ironwood. Acacia* species include *cooba, mulga and ironwood.* The *eucalyptus* family include *jarrah, messmate,river redgum, iron bark, etc, etc.* Many of the woods are not commercially available but obtainable at specialist wood merchants.

Did you know that there are more than 500 species of the genus *Eucalyptus*?

Notices ~ Kennisgewings

Wood for Sale

* Mr Robert Henrion of 435 16th Avenue, Rietfontein, has a large quantity of unplaned Blackwood planks of various lengths and width, 25mm and 60mm thick, for sale. Contact him at (012)331-2056.

* Tienie Ferreira van Vryheid in Natal het die volgende houtsoorte om te verkoop:

Tambotie, Blinkblaar Wag-'n Bietjie, Knoppiesdoring, Cassuria (Beefwood), Rooi Ivoor, Eikehout, Sering, Seligna en Mingerhout.

Tienie sny en droog self die hout. Pryse kan met hom onderhandel word. Hy is ook bereid om af te lewer mits die bestelling groot genoeg is. Sy telefoonnommer is 0381–808339.

Behandelde Pale

Die TV joernaalprogram *Agriforum* het onlangs 'n interessante praatjie gehad oor die Buro van Standaarde se gradering van behandelde houtpale. So byvoorbeeld dui die klassifikasie HO aan dat die paal binneshuis aangewend kan word; H2 onderdak bogronds en H3 buite bogronds, ens.

Verdere besonderhede kan van die SABS bekom word by (012)428-6747.

Craft Fair

Hardware Centre are organizing a craft fair, similar to the very successful one held last year, for 29 May at **Greenside High School.** Apart from a large variety of crafts on display there will be a number of demonstrations and many bargains to be had.

Members who are interested in displaying and selling their products can book a table for a nominal fee. Contact Julian Stern at Hardware Centre (011)791-0844 for details.

Next Meeting

This is scheduled for **26 May** at the premises of **P & S Timbers, Waterkloof Centre**, and will be the annual and popular **Aids and Gadgets** evening.

If you should have an aid or jig or other device that you would like to share with us then please contact **Carel Louw** (567-5027) who is coordinating the evening .

This event has always been one of the highlights of the year with many tips up for grabs .

Hope to see you all there.

Te Koop

* **Deon Geyser** (664-4731), het 'n DeWalt bo-armsaag en 10" tafelsaag , albei in goeie toestand, om te verkoop. Kontak hom vir verdere besonderhede. Hy verneem ook graag na 'n tweedehandse Incra-Jig of Woodrat .

* **Roger Courtney** het 'n paar bottels spesiale 'medisyne' vir die draaiers bekom. Dit staan bekend as 'Board-Care' en is glo ideaal geskik vir behandeling van broodborde, vrugtebakke edm.

Chucking Around

Twelve members attended the last turners evening at At Smit's house. The homework was an exercise in faceplate turning using various chucking methods. The school holidays and other commitments prevented a number of chaps from doing their homework. No affirmative action was taken.

There were two very nice fruit bowls turned from *Jacaranda* and *Umbuia.*, a platter with tile insert, and a small ball clock. The mortar and pestle turned by Nick was admired by all. An interesting discussion on the chucking methods followed.

At Smit then demonstrated the advantages of having your lathe fitted with a reversible switch and foot switch. The latter is especially handy when turning through a small opening as it allows you to insert, position and grip the chisel with both hands before starting the lathe.

Hierna is 'n stuk *Sering* op die draaibank geplaas en is daar na verskeie bytel-tegnieke gekyk om die buitekant van 'n bak te draai. Almal het 'n kans gekry om dit te beproef.

At het ook twee hulpmiddels vir die slyp van vingernael en bakgutse gedemonstreer.

Ten spyte van Louw se mislukte poging om almal gelyktydig met grondboontjies te bedien was dit 'n gesellige en leersame aand. Dankie At.

Vorige Byeenkoms

Daar was weereens 'n goeie teenwoordigheid by ons laaste byeenkoms (40 lede) waarvoor Chris dan ook sy waardering uitgesprek het. Lede is weereens attent gemaak op Projek Plank en die aansuiwering van ledegelde.

Lede se gevoel oor die geskiktheid van die lokaal is getoets. Daar was 'n paar manne wat gevoel het dat dit te ver is, veral vir diegene wat in die Noordelike voorstede woon. Die komitee sal wel na alternatiewe lokale kyk al is dit dan by afwisseling.

Hoe dit ook al sy, die houtwerk sentrum van Eldoraigne Hoërskool het die regte atmosfeer geskep – ry op ry werksbanke, 'n goeie verskeidenheid houtwerkmasjiene en diesmeer – 'n groot plus as daar demonstrasies aangebied word, soos die band-en tafelsaag tegnieke wat op die program was.

At het afgeskop met die bandsaag en gewys op die basiese eienskappe en voordele daarvan en kortliks aan wielgrootte, spoed, lemme, opstelling en veiligheid aandag gegee.. Daarna het hy verskillende snitte gedemonstreer asook die gebruik van 'n paar oulike setmate. Van al die houtwerksmasjiene is die bandsaag waarskynlik die veiligste, maar moet nogtans met respek behandel word, soos om dit elke oggend 'n drukkie te gee. Dankie At vir 'n goeie en insiggewende aanbieding.

Dit is gevolg met 'n demonstrasie van verskeie hulpmiddels wat met die tafelsaag gebruik kan word. Ongelukkig het tyd ingegryp en is dit kort geknip.

Baie dankie ook aan **Kobie van Wyk**, die houtwerk meester, vir die beskikbaarstelling van die sentrum.

Draaiers Program vir Jun-Aug

Junie. Bak met natuurlike rand.

Julie. Draaistuk vanaf 'n plan wat voorsien sal word.

August. 'Finial Ring Box'. Roger will provide the details.

Ons vergaderplek sal voortaan by Eldoraigne Hoërskool wees. Elkeen sorg vir eie verversings.

From the Press



Traditional Woodworking: April 1999

* Solid Oak pedestal table with crossbanding.
* For the turners a sandglass stand.
* Pull-out plan for a children's playhouse.
* An interesting article on the various timbers of Australia.

Practical Woodworking: Feb-Mar 1999

* Detailed instructions for building a staircase.
* A very nice oak wall display cabinet with leaded doors.
* Routing Part 6: Dowel and biscuit joints.
* A pedal cart for the kids.
* A tall plant stand for the turners.
* Jim Kingshott discusses the design and construction of carcasses.

The Woodworker: Feb-Mar 1999

* Project plans for a Georgian bureau in Mahogany.
* Mark Finney explains the art of staining.
* A large semi-traditional oak table.
* Mark Finney discusses how to improve the structural soundness of fragile furniture.
* For those who like to experiment, take a look at Richard Jones' "Double Twisted Dovetail".
* Final part of the traditional Pine dresser.
* A useful home made cutting frame for handling large sheet material.

Die Komitee Sprak

'n Nuwe stel beoordelingskriteria is vir die jaarlikse uitstalling/ houtwerkdag opgestel. Dit sal met ons volgende byeenkoms vir lede se insae uitgestal word. Die komitee is reeds hard besig met die voorbereidings vir die dag en lede is welkom om met idees of voorstelle te kom.

Ledegelde. Tydens die AJV is daar besluit om nie die ledegelde te verhoog nie. Die komitee is egter opgedra om die saak te ondersoek en terug te rapporteer.

Dit is gedoen en daar is bevind dat die lopende uitgawes nie deur die ledegelde gedek kan word nie. Die komitee se aanbeveling is dat die ledegelde in die jaar 2000 verhoog word na R120.00 per jaar. Dit behoort verdere verhogings vir die volgende klompie jare uit te skakel.

Die komitee sal graag lede se gevoel hieroor wil hoor.

Nuwe Lede

'n Hartlike welkom aan die volgende manne en dame. Ons vertou dat julle verbintenis met die Vereniging 'n interessante en leersame een sal wees.

Elsabè Jacobs van Hans Strydomlaan 326, Lyttelton(664-2900). Sy is 'n huisvrou, en 'n kundige houtsneewerkster. Sy bied ook klasse aan.

Van Loislaan 230, Newlands, is daar **Jan Bester**, 'n informasie tegnologie bestuurder. Jan doen restourasie– en algemene houtwerk.(348-9015)

John Kuit is 'n elektroniese ingenieur van Beryllaan 1017, Lyttelton (664-529). Hy hou van restorasie en meubelmaak.



Iben Marks woon in Tobieweg 22, Rooihuiskraal(661-5717) en is 'n bemarker. Hy doen algemene houtwerk en beskik oor 'n indrukwekkende reeks gereedskap.

Nico Coetzee(Ons het vlugtig na hom in die Feb uitgawe verwys). Nico woon in Brooklynweg 350, Menlopark (46-3005), is 'n afgetrede betontegnoloog en draai graag. Hy doen ook algemene houtwerk.

As with Nico, we briefly mentioned **John Gower** in our Feb issue. John resides at 77 Umkomaas Rd, Alphen Park(46-9106), is a marketing manager and is interested in cabinet making.

Kobie van Wyk woon in Langebrinkstraat 109, Lytteltonmanor (664-6638). Kobie is 'n onderwyser en stel belang in meubelmaak en restourasies.

Ons Adres
Tambotie
Posbus 50993

Telefoon en Faks: 654-5785

E-Pos:tambotie@mweb.co.za

GLUKOSE EN HOUT

Following the very interesting series, *Looking at Wood,* by Jack Munting, we conclude the discussion with an equally interesting tit-bit by our 'resident chemicist', **Kobus Jansen**.

Seker almal van ons weet dat glukose 'n bron van energie is, veral energiedrankies soos "glucozade" is bekend by siekes tydens die hersteltydperk. Nou mag u miskien wonder wat het dit met ons houtbewerkers te doen.

Laat ek in die lig van Jack se uitstekende essayreeks vir u sê dat die glukose monomeer (mono=enkel) nogal redelik baie te doen het met ons hout. Kom ons volg so effens die eienskapspoor van glukose.

Eerstens benodig ons daarvoor 'n oplossing van glukose(glukozade) en vir vergelykende ondersoek 'n oplossing elk van heuning en huishoudelike suiker. Verder gebruik ons 'n ligbron en twee gelyksoortige prismas van kwarts.

Die prismas word 'n entjie uitmekaar geplaas met een van die oplossings in lyn met die prismas sodat die oplossing tussen die ligbron en die eerste prisma posisie in neem. As daar nou 'n straal uit die ligbron deur elke oplossing afsonderlik skyn val dit op die eerste prisma, gaan daardeur en skyn deur die tweede prisma.

Wanneer die eerste prisma

reghoekig met die ligstraal roteer, merk ons dat die straal teen 'n beperkte al groter wordende hoek wegbeweeg van die ligewenaar. By die glukoseoplossing is dit anders.

Roteer die prisma na regs dan buig die straal teen 'n bepaalde hoek weg van die ewenaar. As die prisma na links roteer is die buiging na links van die ewenaar.

Na aanleiding van hierdie optiese aktiwiteit kry ons dan 'n links draaiende glukose (L-glukose) en 'n regs-draaiende glukose (wat as D-glukose geklassifiseer word).

Ondersoek ons die saak verder vind ons dat in 'n bepaalde situasie die klein D-glukosemolekules deur 'n natuurlike polimerisering aaneen skakel om 'n stewige sellulosemolekuul te vorm.

Dus, enige stuk houtmateriaal (selfs "chipboard" en"supawood") wat ons hanteer, bestaan uit meer as 50 persent sellulose.

PADKAART NA P&S TIMBERS, BROOKLYN